(ii) deur die woorde "Registrateur van Maatskappye, Pretoria" oral waar dit voorkom deur die woorde "Registrateur van Maatskappye, Windhoek" te vervang.

(b) Die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, kan enige vorm wat deur die regulasies voorgeskryf is, aanpas vir sover dit nodig is om aan die bepalings van paragraaf (a) en die registrasie van maatskappye in die gebied gevolg te gee.

(3) Vir sover die herroepe Wet of die regulasies daarkragtens uitgevaardig in die gebied van krag is, word 'n woord, uitdrukking of bepaling wat daarin gebruik word of voorkom in 'n samehang wat ooreenstem met dié waarin dit in die Wet of die regulasies, gebruik word of voorkom, uitgelê asof dit of die betekenis daarvan met dieselfde strekking gewysig of vervang is as die waarvoor hierdie Deel met betrekking tot die Wet en die regulasies voorsiening maak.

*Toepassing van sekere bepalings van Proklamasie AG. 7 van 1977*

23. Die bepalings van artikels 3(4), 4 en 4*bis* van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977, van die Administrateur-generaal, is *mutatis mutandis* met betrekking tot die Wet van toepassing asof hierdie Proklamasie 'n oordragsproklamasie is soos in daardie Proklamasie bedoel: Met dien verstande dat by sodanige toepassing enige verwysing in genoemde bepalings na artikel 3(1) van daardie Proklamasie geag word geskrap te wees.

*Oorgangsbepalings*

24. Enigiets wat voor die inwerkingtreding van hierdie Deel kragtens 'n bepaling van die Wet gedoen is, word, behalwe vir sover dit klaarblyklik onvanpas is en behoudens die bepalings van Deel III, geag kragtens daardie bepaling soos deur die een of ander bepaling van hierdie Deel gewysig, gedoen te wees.

(c) by the substitution for the word *"Gazette"*, wherever it occurs, of the words *"Official Gazette"*.

(2) (a) The regulations made under section 15 of the Act and published in the *Gazette* of the Republic by Government Notice R.1948 of 19 October 1973, as amended, (hereinafter referred to as the regulations), are hereby amended –

(i) by the substitution for the words "Republic", "South Africa" and "Republic of South Africa", wherever they occur, of the words "territory", "South West Africa" and territory of South West Africa", respectively; and

(ii) by the substitution for the words "Registrar of Companies, Pretoria", wherever they occur, of the words "Registrar of Companies, Windhoek".

(b) The Registrar of Companies, Windhoek, may adjust any form prescribed by the regulations in so far as it is necessary to give effect to the provisions of paragraph (a) and the registration of companies in the territory.

(3) In so far as the repealed Act or the regulations made under it are of force in the territory, any word, expression or provision used or occurring in it in a context corresponding with that in which it is used or occurs in the Act or the regulations, shall be construed as if it or its meaning were amended or substituted to the same effect as that for which this Part provides in relation to the Act and the regulations.

*Application of certain provisions of Proclamation AG. 7 of 1977*

23. The provisions of sections 3(4), 4 and 4*bis* of the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977, of the Administrator-General, shall apply *mutatis mutandis* in relation to the Act as if this Proclamation were a transfer proclamation referred to in that Proclamation: Provided that in such application any reference in the said provisions to section 3(1) of that Proclamation shall be deemed to be deleted.

*Transitional provisions*

*24.* Anything done before the commencement of this Part under a provision of the Act, shall, except in so far as it is obviously inappropriate and subject to the provisions of Part III, be deemed to have been done under that provision as amended by any provision of this Part.

## DEEL II

## WYSIGING VAN DIE WET SOOS DIT IN DIE REPUBLIEK VAN TOEPASSING IS

*Toepassing van Deel II en inwerkingtreding daarvan met betrekking tot bestaande maatskappye en bestaande buitelandse maatskappye*

25. (1) Hierdie Deel is slegs in die Republiek van toepassing.

(2) Met betrekking tot 'n bestaande maatskappy en 'n bestaande buitelandse maatskappy tree die bepalings van hierdie Deel, behoudens die bepalings van Deel III, op die vasgestelde datum in werking.

*Wysiging van artikel 1 van Wet 61 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1974 en artikel 1 van Wet 64 van 1977*

26. Artikel 1 van die Wet word hierby gewysig deur in subartikel (1) —

(a) die omskrywing van "gebied" te skrap;

(b) die omskrywing van "Republiek" te skrap; en

(c) in die omskrywing van "vreemde land" die woorde "of die gebied Suidwes-Afrika" te skrap.

*Wysiging van artikel 2 van Wet 61 van 1973*

27. Artikel 2 van die Wet word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) te skrap;

(b) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (4) te voeg:

"Met dien verstande dat die voorafgaande bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie met betrekking tot 'n bepaling van hierdie Wet vir sover dit deur 'n bepaling van die Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978, van die Staatspresident, gewysig is of geraak word."; en

(c) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(6) Die bepalings van artikel 335(5), (6) en (7) is met betrekking tot 'n maatskappy ten opsigte waarvan 'n kennisgewing ingevolge artikel 31(2)(a) van genoemde Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978, in die *Staatskoerant* gepubliseer is, *mutatis mutandis* van toepassing asof daardie maatskappy 'n buitelandse maatskappy was wat op die datum in die ken-

## PART II

## AMENDMENT OF THE ACT AS IT IS APPLICABLE IN THE REPUBLIC

*Application of Part II and its commencement in relation to existing companies and existing external companies*

25. (1) This Part shall apply only in the Republic.

(2) In relation to an existing company and an existing external company the provisions of this Part shall, subject to the provisions of Part III, come into operation on the fixed date.

*Amendment of section 1 of Act 61 of 1973, as amended by section 1 of Act 76 of 1974 and section 1 of Act 64 of 1977*

26. Section 1 of the Act is hereby amended by —

(a) the deletion in subsection (1) in the definition of "foreign country" of the words "or the territory of South West Africa";

(b) the deletion in subsection (1) of the definition of "Republic"; and

(c) the deletion in subsection (1) of the definition of "territory".

*Amendment of section 2 of Act 61 of 1973*

27. Section 2 of the Act is hereby amended —

(a) by the deletion of subsection (1);

(b) by the addition to subsection (4) of the following proviso:

"Provided that the preceding provisions of this subsection shall not apply in relation to a provision of this Act in so far as it is amended or affected by a provision of the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978, of the State President."; and

(c) by the addition of the following subsection:

"(6) The provisions of section 335(5), (6) and (7) shall apply *mutatis mutandis* in relation to a company in respect of which a notice has been published in terms of section 31(2)(a) of the said Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978, in the *Gazette* as if that company were an external company registered in the Republic on the date mentioned in such notice and the reference in

nisgewing genoem in die Republiek geregistreer is en die verwysing in daardie bepalings na registers en dokumente 'n verwysing insluit na afskrifte van registers en stukke wat ingevolge artikel 31(1)(c) van daardie Proklamasie aan die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, gestuur is.".

*Wysiging van artikel 322 van Wet 61 van 1973*

28. Artikel 322 van die Wet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3)(a) 'n Buitelandse maatskappy ten opsigte waarvan 'n kennisgewing kragtens artikel 31(2)(b) van die Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978, van die Staatspresident, in die *Staatskoerant* gepubliseer is, word geag kragtens die bepalings van hierdie artikel as buitelandse maatskappy geregistreer te wees vanaf die datum in die kennisgewing genoem.

(b) Die bepalings van artikel 335(5), (6) en (7) is *mutatis mutandis* ten opsigte van so 'n maatskappy van toepassing.".

DEEL III

REGISTRASIE IN DIE GEBIED VAN BESTAANDE MAATSKAPPYE EN BESTAANDE BUITELANDSE MAATSKAPPYE, EN AANPASSINGS IN VERBAND MET HUL REGISTRASIE IN DIE REPUBLIEK

*Kennisgewing deur bestaande maatskappy*

29. (1) 'n Bestaande maatskappy wat in die gebied geregistreer wil wees, moet voor 1 Desember 1978 of die later datum wat die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, met inagneming van die vasgestelde datum toelaat, 'n skriftelike kennisgewing volgens voorskrif van subartikel (2) in tweevoud aan daardie Registrateur verstrek.

(2) 'n Bestaande maatskappy wat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) verstrek, moet —

(a) in daardie kennisgewing verklaar dat hy in die gebied geregistreer wil wees, en, of al dan nie hy as buitelandse maatskappy in die Republiek geregistreer wil wees;

(b) in daardie kennisgewing die besonderhede aangee wat ingevolge artikel 170 van die Wet soos deur die bepalings van Deel I van hierdie Proklamasie gewysig, vir registrasie in die gebied nodig is;

(c) daardie kennisgewing tesame met die stukke in subartikel (1) genoem, by die Registrasiekantoor

those provisions to registers and documents included a reference to copies of registers and documents sent to the Registrar of Companies, Windhoek, in terms of section 31(1)(c) of that Proclamation.".

*Amendment of section 322 of Act 61 of 1973*

28. Section 322 of the Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3)(a) An external company in respect of which a notice has been published under section 31(2)(b) of the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978, of the State President, in the *Gazette*, shall be deemed to be registered under the provisions of this section as an external company from the date mentioned in the notice.

(b) The provisions of section 335(5), (6) and (7) shall apply *mutatis mutandis* in respect of such a company."

PART III

REGISTRATION IN THE TERRITORY OF EXISTING COMPANIES AND EXISTING EXTERNAL COMPANIES, AND ADJUSTMENTS IN CONNECTION WITH THEIR REGISTRATION IN THE REPUBLIC

*Notice by existing company*

29. (1) An existing company that wishes to be registered in the territory, shall, before 1 December 1978 or such later date allowed by the Registrar of Companies, Windhoek, with due regard to the fixed date, furnish that Registrar in duplicate with a notice in writing in accordance with the provisions of subsection (2).

(2) An existing company furnishing a notice in terms of subsection (1), shall —

(a) declare in that notice that it wishes to be registered in the territory and whether or not it wishes to be registered as an external company in the Republic;

(b) furnish in that notice the particulars which are necessary for registration in the territory in terms of section 170 of the Act as amended by the provisions of Part I of this Proclamation;

(c) cause that notice to be delivered together with the documents mentioned in subsection (1), at the

vir Maatskappye, Windhoek, laat lewer, en die tersaaklike stukke te geleëner tyd laat afhaal, *mutatis mutandis* ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 63(3) van die Wet.

*Pligte van Registrateur van Maatskappye, Windhoek*

30. (1) Die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, moet by ontvangs van 'n kennisgewing en die registers en stukke onderskeidelik ingevolge artikels 29 en 31 aan hom verstrek –

(a) 'n afskrif van die kennisgewing wat die betrokke bestaande maatskappy ingevolge artikel 29 aan hom verstrek het aan die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, stuur;

(b) die akte en statute van die betrokke bestaande maatskappy registreer met die voorbehoud dat die registrasie vanaf die vasgestelde datum van krag is;

(c) aan daardie maatskappy 'n sertifikaat uitreik, met die strekking dat daardie maatskappy vânaf die vasgestelde datum geag word in die gebied ingelyf te wees.

(2) Wanneer die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, die bepalings van subartikel (1) nagekom het

(a) stuur hy 'n kennisgewing te dien effekte aan die Registrateur van Maatskappye, Pretoria;

(b) maak hy by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend dat die betrokke bestaande maatskappy vanaf die vasgestelde datum in die gebied geregistreer is en geag word in die gebied ingelyf te wees.

*Pligte van Registrateur van Maatskappye, Pretoria*

31. (1) Die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, moet, by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge artikel 30(2)(a) aan hom gestuur in verband met 'n bestaande maatskappy –

(a) indien daardie maatskappy in die kennisgewing wat hy ingevolge artikel 29 verstrek het, verklaar het dat hy nie in die Republiek as buitelandse maatskappy geregistreer wil wees nie, die naam van daardie maatskappy van sy registers skrap waarop daardie maatskappy ophou om in die Republiek geregistreer te wees vanaf die vasgestelde datum;

(b) indien daardie maatskappy in die kennisgewing wat hy ingevolge artikel 29 verstrek het, verklaar het dat hy in die Republiek as buitelandse maatskappy geregistreer wil wees en op die vorm wat die Registrateur van Maatskappye, Pretoria,

Companies Registration Office, Windhoek, and the relevant documents to be uplifted in due course, *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of section 63(3) of the Act.

*Duties of Registrar of Companies, Windhoek*

30. (1) The Registrar of Companies, Windhoek, shall on receiving a notice and the registers and documents furnished to him in terms of sections 29 and 31, respectively –

(a) send to the Registrar of Companies, Pretoria, a copy of the notice furnished to him by the existing company concerned in terms of section 29;

(b) register the memorandum and articles of the existing company concerned subject to the qualification that the registration shall be of force from the fixed date;

(c) issue to that company, a certificate to the effect that that company shall from the fixed date be deemed to be incorporated in the territory.

(2) When the Registrar of Companies, Windhoek, has complied with the provisions of subsection (1), he shall –

(a) send a notice to that effect to the Registrar of Companies, Pretoria;

(b) by notice in the *Official Gazette* make known that the existing company concerned is registered and deemed to be incorporated in the territory from the fixed date.

*Duties of Registrar of Companies, Pretoria*

31. (1) The Registrar of Companies, Pretoria, shall on receiving a notice sent to him in terms of section 30(2)(a) in connection with an existing company –

(a) if that company has in the notice furnished in terms of section 29, declared that it wishes not to be registered in the Republic as an external company, strike the name of that company off his registers whereupon that company shall cease to be registered in the Republic from the fixed date;

(b) if that company has in the notice furnished in terms of section 29 declared that it wishes to be registered in the Republic as an external company and indicated on the form allowed by the Registrar of Companies, Pretoria, the particulars

toelaat, die besonderhede bedoel in artikels 170 en 326 van die Wet aangedui het, met inagneming van die bepalings van artikel 322 van die Wet, die registrasie van daardie maatskappy in sy register van maatskappye dienooreenkomstig aanpas met die voorbehoud dat die aanpassing vanaf die vasgestelde datum van krag is;

(c) alle registers en stukke wat ten opsigte van daardie maatskappy in die Registrasiekantoor vir Maatskappye, Pretoria, of in die een of ander staatskantoor in die Republiek gehou word, aan die Registrateur van Maatskappye, Windhoek stuur: Met dien verstande dat afskrifte aldus gestuur kan word van genoemde registers en stukke wat in verband met die registrasie van daardie maatskappy in die Republiek as buitelandse maatskappy nodig is.

(2) Wanneer die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, die bepalings van subartikel (1) met betrekking tot 'n bestaande maatskappy nagekom het, maak hy by kennisgewing in die *Staatskoerant* bekend —

(a) in die geval van 'n maatskappy in paragraaf (a) van daardie subartikel bedoel, dat daardie maatskappy vanaf die vasgestelde datum ophou om in die Republiek geregistreer te wees;

(b) in die geval van 'n maatskappy in paragraaf (b) van daardie subartikel bedoel, dat daardie maatskappy vanaf die vasgestelde datum geag word in die gebied ingelyf te wees en as 'n buitelandse maatskappy in die Republiek geregistreer is.

*Registrasie van bestaande maatskappye en bestaande buitelandse maatskappye as buitelandse maatskappye in die gebied*

32. (1) Die bepalings van artikel 322 van die Wet, soos gewysig deur die bepalings van Deel I van hierdie Proklamasie, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n bestaande maatskappy wat nie 'n kennisgewing ingevolge artikel 29 van hierdie Proklamasie verstrek nie en wat in die gebied as buitelandse maatskappy, soos omskryf in artikel 1 van die Wet soos deur artikel 3 van hierdie Proklamasie gewysig, geregistreer wil wees, en op 'n bestaande buitelandse maatskappy wat aldus geregistreer wil wees: Met dien verstande dat by sodanige toepassing —

(a) subartikel (1) van genoemde artikel 322 geag word te bepaal dat die stukke daarin genoem ten opsigte van 'n bestaande maatskappy of bestaande buitelandse maatskappy by die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, ingedien moet word voor die vasgestelde datum;

(b) afskrifte van die stukke bedoel in paragrawe (a), (d), (e) en (f) van genoemde subartikel (1) van ar-

referred to in sections 170 and 326 of the Act, with due regard to the provisions of section 322 of the Act, adjust the registration of that company in his register of companies accordingly, subject to the qualification that the adjustment shall be of force from the fixed date;

(c) send to the Registrar of Companies, Windhoek, all registers and documents kept in respect of that company in the Companies Registration Office, Pretoria, or in any public office in the Republic: Provided that copies of such registers and documents which are necessary in connection with the registration of that company in the Republic as an external company, may be so sent.

(2) When the Registrar of Companies, Pretoria, has complied with the provisions of subsection (1) in relation to an existing company, he shall by notice in the *Gazette* make known —

(a) in the case of a company referred to in paragraph (a) of that subsection, that that company ceased to be registered in the Republic from the fixed date;

(b) in the case of a company referred to in paragraph (b) of that subsection, that that company is deemed to be incorporated in the territory and is registered as an external company in the Republic from the fixed date.

*Registration of existing companies and existing external companies as external companies in the territory*

32. (1) The provisions of section 322 of the Act, as amended by the provisions of Part I of this Proclamation, shall *mutatis mutandis* apply to an existing company not furnishing a notice in terms of section 29 of this Proclamation and wishing to be registered in the territory as an external company, as defined in section 1 of the Act as amended by section 3 of this Proclamation, and to an existing external company wishing to be so registered: Provided that in such application —

(a) subsection (1) of the said section 322 shall be deemed to provide that the documents mentioned therein shall, in respect of an existing company or existing external company, be lodged with the Registrar of Companies, Windhoek, before the fixed date;

(b) copies of the documents referred to in paragraphs (a), (d), (e) and (f) of the said subsection (1) of

tikel 322 wat in die Registrasiekantoor vir Maatskappye, Pretoria, gehou word en deur die Registrateur van Maatskappye, Pretoria, gesertifiseer is, ingedien kan word;

(c) die verwysing na die gebied in paragraaf (c) van genoemde subartikel (1) van artikel 322, uitgelê word as 'n verwysing ook na die Republiek;

(d) die woorde "of, in die geval van 'n maatskappy wat in die Republiek ingelyf is, die betaling van jaargeld kragtens artikel 174" geag word by paragraaf (h) van daardie subartikel gevoeg te wees;

(e) die woorde "Teen betaling van die voorgeskrewe geld registreer die Registrateur" in subartikel (2) van genoemde artikel 322 geag word vervang te wees deur die woorde "Die Registrateur registreer",

en dat die registrasie ingevolge subartikel (2) van genoemde artikel 322 geskied met die voorbehoud dat dit vanaf die vasgestelde datum van krag is.

(2) Wanneer die Registrateur van Maatskappye, Windhoek, 'n bestaande maatskappy of 'n bestaande buitelandse maatskappy ingevolge artikel 322(2) van die Wet soos toegepas deur subartikel (1) van hierdie artikel as 'n buitelandse maatskappy geregistreer het, maak hy by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend dat die betrokke maatskappy vanaf die vasgestelde datum aldus geregistreer is.

DEEL IV

ALGEMEEN

*Vrystelling van betaling van gelde*

33. Ondanks andersluidende bepalings van die Wet is geen geld betaalbaar ten opsigte van die registrasie van 'n bestaande maatskappy of die verskaffing van enige stukke aan 'n bestaande maatskappy of bestaande buitelandse maatskappy en die sertifisering van sodanige stukke ingevolge hierdie Proklamasie nie.

*Aanspreeklikheid van direkteur, beampte en lid van maatskappy bedoel in artikel 31(1)(a)*

34. Die aanspreeklikheid, indien daar is, van 'n direkteur, beampte of lid van 'n maatskappy wat kragtens artikel 31(1)(a) ophou om in die Republiek geregistreer te wees, bly voortbestaan en kan afgedwing word asof sy registrasie in die Republiek nie opgehou het nie.

section 322, kept in the Companies Registration Office, Pretoria, and certified by the Registrar of Companies, Pretoria, may be lodged;

(c) the reference to the territory in paragraph (c) of the said subsection (1) of section 322, shall be construed as including a reference to the Republic;

(d) the words "or, in the case of a company incorporated in the Republic, the payment of annual duty under section 174" shall be deemed to be added to paragraph (h) of that subsection;

(e) the words "upon payment of the prescribed fee" in subsection (2) of the said section 322 shall be deemed to be deleted,

and that the registration in terms of subsection (2) of the said section 322 shall be effected subject to the qualification that it shall be of force from the fixed date.

(2) When the Registrar of Companies, Windhoek, has registered an existing company or an existing external company in terms of section 322(2) of the Act as applied by subsection (1) of this section as an external company, he shall by notice in the *Official Gazette* make known that the company concerned is so registered from the fixed date.

PART IV

GENERAL

*Exemption from payment of fees*

33. Notwithstanding anything to the contrary contained in the Act, no fee shall be payable in respect of the registration of an existing company or the furnishing of any documents to an existing company or existing external company and the certification of such documents in terms of this Proclamation.

*Liability of director, officer and member of company referred to in section 31(1)(a)*

34. The liability, if any, of a director, officer or member of a company which ceased to be registered in the Republic under section 31(1)(a), shall continue and may be enforced as if its registration in the Republic had not ceased.

*Voorbehoud*

35. Die bepalings van hierdie Proklamasie is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n bestaande maatskappy of 'n bestaande buitelandse maatskappy indien sy likwidasie voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie begin het, en die likwidasie van so 'n maatskappy word voortgesit asof hierdie Proklamasie nie uitgevaardig is nie.

*Kort titel en inwerkingtreding*

36. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Registrasie en Inlywing van Maatskappye in Suidwes-Afrika, 1978, en tree, behoudens die bepalings van artikels 2(2) en 25(2), op 1 Oktober 1978 in werking.

*Saving*

35. The provisions of this Proclamation shall not apply in relation to an existing company or an existing external company if its winding up was commenced before the commencement of this Proclamation, and the winding up of any such company shall be continued as if this Proclamation had not been issued.

*Short title and commencement*

36. This Proclamation shall be called the Registration and Incorporation of Companies in South West Africa Proclamation, 1978, and shall, subject to the provisions of sections 2(2) and 25(2), come into operation on 1 October 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.